WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

Do 12 Jan tot Sa 14 Jan – **MATT 10 & 11**

MATT 10 – DIE TWAALF APOSTELS EN HULLE SENDING

As ‘n mens vir arbeiders begin bid (9:38), kan jy baie maklik 'n antwoord op jou eie gebed word! Jy bid, en dan roep die Here jou en jy word jy uitgestuur!

Sommige van hierdie instruksies was hoofsaaklik van toepassing op die apostels (v. 5–15) en sommige op diegene wat die Here sou dien tot by Sy wederkoms (v. 16–23). Die geestelike beginsels wat hier gestipuleer word is egter tydloos en van toepassing op almal wat die Here dien.

Christus roep mense tot Sy diens en dan rys Hy hulle toe. As die Here jou roep, sal Hy jou toerus vir die taak wat Hy wil hê jy moet vervul. Dit is goed gesê: *"Die wil van God sal jou nooit stuur na ‘n plek waar die genade van God jou nie kan onderhou nie."*

Christus beloof nie vir ons 'n maklike lewe nie. Dit is 'n wonderlike voorreg om 'n ambassadeur vir die Koning te wees, maar daar is dikwels ‘n duur prys om te betaal.

- Ons is skape onder wolwe (v. 16),
- swaarddraers (v. 34–36) en
- kruisdraers (v. 37–39).
- Die wêreld haat ons omdat dit Hom haat (v. 24–25; Fil. 3:10).

Christus wil hê dat ons vryelik aan ander moet gee (8). Die apostels het mag gehad om wonderwerke te doen (dit was deel van hul apostoliese toerusting in die tyd toe die boodskap van die Here Jesus gevestig moes word), maar selfs om 'n beker koue water aan iemand te gee wat dit nodig het, is diens aan die Here (v. 42). Alles wat ons het is 'n gawe van God (Joh. 3:27; 1 Kor. 4:7) en moet liefdevol met ander gedeel word. Ons moet deur geloof lewe en Hom vertrou om te voorsien.

Christus kan alle vrees wegneem. As jy God vrees, hoef jy niks anders te vrees nie (v. 27–31; Ps. 112). Jy is kosbaar vir jou Vader, en Hy sal vir jou sorg.

Hersien die hoofstuk en merk die beloftes wat aan elke kind van God, daarom ook vir jou en my gemaak is.

MATT 11 – JOHANNES DIE DOPER SE DISSIPELS

Johannes die Doper was verward en miskien selfs na aan moedeloos. Hy het God getrou gedien, en tog het hy vir ‘n lang tyd in die tronk beland. Sy werk was afgehandel, en hy was nie seker dat Jesus die volk op die regte manier bedien nie. Wanneer jy jouself in ’n soortgelyke situasie bevind, doen wat Johannes gedoen het: vertel dit vir Jesus en wag op Sy woord (v. 4–6; Jes. 35:4–6). Wanneer daar donker dae van teleurstelling in ons lewens opduik, hou vas aan die belofte van **Jesaja 50:10** *“Wie is daar onder julle wat die Here vrees, wat na die stem van sy Kneg luister, wat in duisternisse wandel en geen ligstraal sien nie?—laat hy vertrou op die Naam van die Here en steun op sy God!”*

Johannes se dissipels het nie gehoor hoe Jesus hulle leier prys nie. Johannes het geen kompromie gemaak nie: Kyk mooi na die Here Jesus se vra aangaande Johannes:

Matt 11:7 – 9 *“En toe hulle vertrek, begin Jesus vir die skare aangaande Johannes te sê: Wat het julle uitgegaan om in die woestyn te aanskou? ’n Riet wat deur die wind beweeg word? Maar wat het julle uitgegaan om te sien? ’n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat sagte klere dra, is in die huise van konings. Maar wat het julle uitgegaan om te sien? ’n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer as ’n profeet!”*

{Die oomblik toe Johannes se dissipels met Jesus se woorde van gerusstelling vertrek het, (terug na hom toe met die antwoord) het die Here Hom na die menigtes gewend met woorde van gloeiende lof vir die Johannes die Doper. Hierdie selfde skare het na die woestyn gestroom toe Johannes daar gepreek het. Hoekom? Om een of ander swak, weifelende riet van 'n man te sien, geskud deur elke verbygaande wind van menslike opinie? Beslis nie! Johannes was 'n onverskrokke prediker, 'n beliggaamde gewete, wat eerder sou ly as om te swyg, en eerder sou sterf as om te lieg. Het hulle uitgegaan om 'n goedgeklede paleishofman te sien wat in gemak was? Beslis nie! Johannes was 'n eenvoudige man van God wie se streng lewe 'n teregwysing was vir die enorme wêreldsgesindheid van die mense.

11:9 Het hulle uitgegaan om 'n profeet te sien? Wel, Johannes was ’n profeet—in werklikheid, die grootste van die profete. Die Here het nie hier geïmpliseer dat hy groter was wat sy persoonlike karakter, welsprekendheid of

oorredingsvermoë betref nie; hy was groter as gevolg van sy posisie as voorloper van die Messias-Koning.[1]

Hy was God se grootste profeet. Johannes was in die tronk as gevolg van 'n wrede koning en 'n skare wat kinderagtig was (v. 16–19) in plaas van kinderlik (v. 25).

Laat die oordeel aan die Here oor (v. 20–24), en wag vir Hom om sy volmaakte plan te vervul. Jy mag dalk dink jy het misluk, maar God sal sorg dat jou werk geseën word. Trouens, Johannes het mense vir Jesus gewen lank nadat hy dood en begrawe was (Johannes 10:40–42)! Gee jou oor aan Christus se liefdevolle juk en jy sal Sy volmaakte rus ervaar (v. 25–30).

[1] MacDonald, W. (1995). *Believer's Bible Commentary: Old and New Testaments* (A. Farstad, Ed.; p. 1243). Thomas Nelson.